Access fun Grade 8–12 quizzes, matric past papers, K53 learner mock tests, and NBT prep!

All in one easy-to-use app.

DOWNLOAD GO STUDY NOW

Download on the App Store

GET IT ON Google Play

Tap on the buttons above to download the app

www.gostudy.club

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2022

REKENINGKUNDE V2

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye, insluitend 'n formuleblad en 'n 8-bladsye antwoordeboek.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ʼn Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag ʼn nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag ʼn donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. ALLE bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
7. ʼn FORMULEBLAD met finansiële aanwysers is aan die einde van die vraestel aangeheg. Jy mag dit gebruik indien nodig. Die gebruik van hierdie formulablad is NIE verpligtend NIE.
8. Skryf netjies en duidelik.
9. Gebruik die inligting in die tabel as gids wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Kontanttransaksies en Krediteure-rekonsiliasie	40	30
2	Kosteberekeninge	40	30
3	Begroting	45	40
4	Vaste bates	25	20
TOTAAL		**150**	**120**

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 1: KONTANTTRANSAKSIES EN KREDITEUREREKONSILIASIES

(40 punte; 30 minute)

Die inligting het betrekking op Beauty Winkels, 'n besigheid wat kosmetiekware verkoop.

1.1 OPSKRYF VAN KONTANTTRANSAKSIES

Beauty het haar rekeningkundige stelsels aangepas om kontantbetalings deur middel van elektroniese fondsoordragte (EFO) te doen. Sy gebruik die formele maandelikse bankstaat wat op die 26ste van elke maand beskikbaar is, om haar kontantjoernale op datum te bring.

GEVRA:

1.1.1 Noem DRIE voordele wat die gebruik van elektroniese fondsoordragte (EFO) inhou. (3)

1.1.2 Verduidelik TWEE aspekte van die besigheidsomgewing wat Beauty moes verander of aangepas het, om hierdie stelsel te kon implementeer en om te verseker dat dit effektief funksioneer. (4)

1.1.3 Bring die Kontantjoernale op datum deur die tabel wat in die ANTWOORDEBOEK voorsien word, te voltooi. (20)

INLIGTING:

A. Op 31 Oktober 2021 was die voorlopige totale van die kontantjoernale:

Kontantontvangstejoernaal	Kontantbetalingsjoernaal
R113 800	R98 400

B. Uittreksel uit die Bankstaat op 26 Oktober 2021:

BESONDERHEDE	BEDRAG
Debietorder: Frere Munisipaliteit	R 2 180
Kontanthanteringsfooie	195
Deposito: L. Loren	8 200
EFO-koste	155
EFO: Zema Handelaars	12 300
Deposito: L. Slomo	3 320
Rente op debietsaldo	210
Hazard Versekeraars	1 970

- Die debietorder aan Frere munisipaliteit was vir eiendomsbelasting.
- Die deposito van L. Loren is vir die maandelikse huurinkomste.
- Die EFO aan Zema Handelaars was vir handelsvoorraad aangekoop. Die boekhouer het vergeet om hierdie transaksie in die korrekte joernaal aan te teken.
- Die deposito van debiteur L. Slomo, is ter vereffening van sy rekening van R3 600.
- R1 340 van die debietorder aan Hazard Versekeraars is vir die besigheid se versekering. Die balans is vir die eienaar se persoonlike voertuig.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

1.2 KREDITEUREREKONSILIASIE

Beauty Winkels koop kosmetiekware van Vuyi Verskaffers op krediet en het 'n rekeningstaat vir Oktober 2021 ontvang.

GEVRA:

Voltooi die tabel wat in die ANTWOORDEBOEK voorsien is, om aan te dui wat die effek van elke fout of weglating is. Dui 'n vermeerdering met (+) en 'n vermindering met (-) langs elke bedrag aan. (13)

INLIGTING:

Saldo volgens die staat wat van Vuyi Verskaffers ontvang is:	R26 070
Saldo van Vuyi Verskaffers se rekening in die Krediteure-grootboek van Beauty Winkels.	R41 680

FOUTE EN WEGLATINGS:

A. 'n Faktuur vir R7 250 is verkeerdelik as R2 750 aangedui op die staat wat van Vuyi Verskaffers ontvang is.

B. 'n Afslag van R840 vir beskadigde goedere, is as 'n faktuur aangeteken in Vuyi Verskaffers se rekening in die krediteuregrootboek van Beauty Winkels.

C. Beauty Winkels het 7,5% korting aangeteken toe 'n EFO betaling van R8 000 gemaak is. Dit verskyn nie op die staat nie. Vuyi Verskaffers het laat weet die korting moes 5% gewees het en sal dit in volgende maand se staat insluit.

D. Beauty Winkels toon 'n kredietfaktuur vir R7 600 in Vuyi Verskaffers se rekening in die krediteuregrootboek. Dit was vir goedere van Vuyisile Handelaars aangekoop.

E. Vuyi Verskaffers het nie die 10% handelskorting op 'n kredietfaktuur vir die aankope van goedere, afgetrek nie. Die korrekte netto bedrag van R8 550 is in die boeke van Beauty Winkels aangeteken.

F. 'n Faktuur vir goedere aangekoop vir R3 380 op 30 Oktober 2021, is nie op die staat van Vuyi Verskaffers nie. Die staat is gedateer 28 Oktober 2021.

40

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 2: KOSTEBEREKENINGE (40 punte; 30 minute)

2.1 MAHLAPE VERVAARDIGERS

Die besigheid vervaardig wintersbaadjies. Die finansiële jaar het geëindig op 28 Februarie 2021.

GEVRA:

2.1.1 **Verwys na Inligting A, B en C**

Bereken die volgende vir die finansiële jaar:

- Direkte materiaalkoste (6)
- Direkte arbeidskoste (7)

2.1.2 **Verwys na Inligting D**

Die boekhouer het die totale fabrieksbokoste bereken, maar nagelaat om sekere faktore in ag te neem. Bereken die korrekte fabrieksbokoste deur die foute en weglatings in ag te neem. Dui ’n vermeerdering (+) of vermindering (-) van die totaal wat gegee is, aan. Toon alle bewerkings. (9)

2.1.3 Voltooi die Goedere-in-bewerkingrekening in die Algemene Grootboek. (8)

INLIGTING:

A. Voorraadsaldo’s:

	28 FEBRUARIE 2021 R	1 MAART 2020 R
Grondstowwe	33 200	27 500
Goedere-in-bewerking	27 420	23 444

B. Transaksies vir die jaar:

(i) Grondstowwe vir kontant en krediet aangekoop was R263 400.

(ii) Beskadigde grondstowwe ter waarde van R9 200 is aan krediteure teruggestuur.

(iii) Afleweringskoste op kontantaankope van grondstowwe was R7 500.

C. Besonderhede van produksiewerkers:

Aantal werkers	5
Gewone ure gewerk (basies)	1 520 ure per werker
Tarief vir gewone tyd	R30 per uur
Totale oortyd-ure vir al die werkers	420 ure
Tarief vir oortyd	1,6 keer meer as gewone tyd

Die besigheid dra namens al hul werkers, 1% tot die WVF en 9% tot ’n pensioenfonds by, gebaseer op hul totale verdienste.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

D. Die boekhouer het die fabrieksbokoste as R106 760 bereken.
Die volgende foute en weglatings is opgemerk:

(i) Die slotvoorraad van indirekte fabrieksmateriaal, R3 800 is nie in ag geneem nie.

(ii) R22 200 van die water en elektrisiteituitgawe is aan die fabriek.
Dit was 50% van die totale uitgawe, maar 60% moet aan die fabriek toegedeel word.

(iii) Die totale huuruitgawe van R75 600 is in die fabrieksbokosterekening aangeteken. Dit moet verdeel word in die verhouding 4 : 2 : 1 (4 dele vir die fabriek).

2.2 MELINDA SE SPEELGOEDWINKEL

Die eienaar, Melinda Botha, wil die vordering van die besigheid assesseer en het die volgende inligting in verband met die produksie en verkope van speelgoedmotors verskaf.

Die speelgoedmotors word verkoop teen 'n winsopslag van 50% op kosprys. Die finansiële jaar het geëindig op 30 Junie 2021.

GEVRA:

2.2.1 Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 30 Junie 2021. (4)

2.2.2 Verduidelik of Melinda tevrede behoort te wees met die vlak van produksie wat vir hierdie finansiële jaar behaal is. Haal syfers aan. (3)

2.2.3 Melinda is besorg oor die beheer oor direkte arbeidskoste per eenheid.

- Verduidelik waarom sy besorg is. Haal syfers aan. (2)
- Verskaf EEN voorstel hoe sy beheer oor hierdie koste kan verbeter. (1)

INLIGTING:

	30 Junie 2021		30 Junie 2020
	TOTAAL R	EENHEIDS-PRYS R	EENHEIDS-PRYS R
Direkte Materiaalkoste	76 000	38,00	32,00
Direkte Arbeidskoste	64 000	32,00	22,00
Verkoops- en Verspreidingskoste	30 000	15,00	12,00
TOTALE VERANDERLIKE KOSTE	**170 000**	**85,00**	**66,00**
Fabrieksbokoste	44 000	22,00	20,00
Administrasiekoste	16 000	8,00	8,00
TOTALE VASTE KOSTE	**60 000**	**30,00**	**28,00**
VERKOPE	**250 000**	**125,00**	**110,00**
Eenhede geproduseer en verkoop	2 000 eenhede		1 500 eenhede
Gelykbreekpunt	?		955 eenhede

40

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 3: BEGROTINGS **(45 punte; 40 minute)**

PIONIER WINKELS

Inligting uit die rekords is vir die begrotingstydperk wat eindig op 31 Desember 2021.

GEVRA:

3.1 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule. Verwys na die ruimtes met ʼn *. (9)

3.2 Voltooi die uittreksel uit die Kontantbegroting vir November en Desember 2021, wat in die ANTWOORDEBOEK aangebied word. (22)

3.3 Bereken die volgende:

3.3.1 Die bedrag vir die lening wat op 1 Desember 2021 ontvang moet word. Let op dat rente teen 11% p.j. aan die einde van elke maand betaal word (4)

3.3.2 Die % styging in salarisse en lone (4)

3.4 Verskaf TWEE voorstelle aan Shirley hoe sy kan verseker dat krediet slegs aan betroubare mense toegestaan word en TWEE maniere om invorderings van debiteure te verbeter. (6)

INLIGTING:

A. Totale verkoopsyfers vir die tydperk geëindig Desember 2021:
Goedere word verkoop teen ʼn winsopslag van 50% op kosprys.

MAAND	WERKLIK		BEGROOT	
	KONTANT	KREDIET	KONTANT	KREDIET
Oktober	R216 000	R504 000		
November	R207 000	R483 000		
Desember			R222 000	R518 000

B. Kredietverkope word volgens die volgende neiging ingevorder:
- 40% in die maand van verkope (hierdie debiteure ontvang 5% korting)
- 40% in die maand wat volg op die maand van verkope
- 18% twee maande na die maand van verkope
- 2% word as oninbare skuld afgeskryf.

C. Aankope en betalings aan krediteure:
- Voorraad wat verkoop is, word in die maand van verkope vervang (ʼn basis voorraadvlak word gehandhaaf).
- Alle aankope van handelsvoorraad is op krediet.
- Krediteure word in die maand wat volg op die maand van aankope, betaal.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

D. Addisionele inligting:

- Huurinkomste sal na verwagting met 8% p.j. styg vanaf 1 Desember 2021.
- Versekering sal met 5% p.j. styg vanaf 1 Desember 2021.
- Rente op vaste deposito vir die jaar is R9 600 en word in drie gelyke paaiemente ontvang op 30 September 2021, 31 Desember 2021 en 31 Maart 2022 onderskeidelik.
- Ander bedryfsuitgawes sal verminder met R2 500 per maand as gevolg van Covid-verwante sluitings.
- Die eienaar gaan ook sy onttrekkings vanaf 1 Desember 2021 tot R5 000 per maand verminder. 30% hiervan sal voorraad wees.

45

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 4: VASTE BATES **(25 punte; 20 minute)**

Die inligting het betrekking op Malusi se Afleweringsdienste wat 'n afleweringsdiens aan plaaslike hardeware-verskaffers bied. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2021 geëindig.

GEVRA:

4.1 Bereken die totale waardevermindering op voertuie en op toerusting. (13)

4.2 Malusi wil twee van die afleweringsvoertuie verkoop en met 'n groter, nuwer model vragmotor vervang. Sy vrou voel dit is nie 'n goeie idee nie.

4.2.1 Verskaf TWEE moontlike redes wat Malusi kan gebruik om sy vrou te oortuig dat dit 'n goeie besluit sal wees. (4)

4.2.2 Verskaf EEN rede om sy vrou se gevoelens te ondersteun. (2)

4.3 Malusi is besorg oor die gebruik van die voertuie in verband met die vordering van die besigheid.

Identifiseer TWEE probleme uit die inligting wat voorsien word. Haal syfers aan. Verskaf in elke geval 'n oplossing vir die probleem wat geïdentifiseer is. (6)

INLIGTING:

A. Op 1 Maart 2020 het die besigheid vyf afleweringsvoertuie besit.
Op 1 Junie 2020 is 'n addisionele afleweringsvoertuig op krediet gekoop.

B Op 1 Januarie 2021 is ou toerusting met 'n kosprys van R115 000, aan 'n ouetehuis geskenk. Die opgehoopte waardevermindering op hierdie toerusting was R84 200 op 1 Maart 2020.

C. Beleid vir waardevermindering:
- Waardevermindering op voertuie word teen 20% p.j. op kosprys afgeskryf.
- Waardevermindering op toerusting word teen 15% p.j. op drawaarde afgeskryf.

D. Addisionele inligting uit die rekords:

	28 Februarie 2021 R	1 Maart 2020 R
Afleweringsvoertuie (kosprys)	1 600 000	1 260 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	?	756 000
Toerusting (kosprys)	517 000	632 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	?	365 000
Herstewerk en onderhoud van voertuie	76 800	76 800
Brandstof en olie	187 680	192 000
Salarisse aan bestuurders	80 850	77 000
Verkope	816 000	960 000

25

TOTAAL: 150

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

GRAAD 11 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERS FORMULEBLAD		
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale verdienste per vennoot}}{\text{Vennoot gemiddelde ekwiteit}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsekwiteit}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : Bedryfslaste	(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	
(Handels en ander ontvangbares + Kontant en Kontantekwivalente) : Bedryfslaste		
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ of $\frac{12}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$	
Nie-Bedryfslaste : Eienaarsekwiteit	Totale Bates : Totale Laste	
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopsprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$		

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore